

Die een is 'n goema- musician , die ander 'n Karoo- rocker. Die een is 'n Cape Flats- boytjie en die ander 'n Worcester-klông.

Maar wat het hulle in common? Albei praat dieselfde taal en hulle tree vanjaar saam op by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) wat van 25 Maart tot 2 April op Oudtshoorn plaasvind.

Ons praat van Loit Sôls, sanger, liedjieskrywer, skrywer en goema-digter, en Alastair van Huyssteen, sanger, liedjieskrywer, skrywer en prokureur. Albei is soos hulle dit stel, ook k*praakfilosowe.

Hulle het die eerste keer in 1999 by die einste fees ontmoet en daarna weer in 2002 en in 2003 en dit is met die laaste ontmoeting dat dinge begin gebeur het.

Alastair vertel: "Die universe het ons bymekaargebring. Ons het nog nooit in die openbaar saam gespeel nie. Ons het altyd net by die huis ge- jam ."

Maar hoe kan twee uiteenlopende musikante saam speel?

"Dit is juis omdat die musiek so verskil. Daar is 'n helse kontras. Die note verskil en daarom werk dit," verduidelik Loit.

"Ons tree op in 'n volwasse kabaret Stout vannie Aarde en werk nog aan die tema- musiek. Dit is Alastair se werk om dit te skryf," sê Loit.

Loit se musiek is goema-musiek, maar Alastair sê hy weet nie watter tipe musiek hy speel nie.

"Die musiek het te make met naartstigtelik aan die lewe vasklou en dis ook onstigtelik. Ek maak musiek wat in my kop opkom," sê Alastair.

Loit was die eerste keer in 1998 by die KKNK toe sy boek daar ge launch is en in 1999 het hy aan die Voorbrandfees en die hooffees deelgeneem. In 2001 het hy saam met Diana Ferris en Willem Fransman die opvoering Die Mense Langsaan op die planke gebring.

Verlede jaar was hy deel vandie Kannapaneel om die musikante te beoordeel.

Dit sal Alastair se vierde verskyning by die fees wees. In die vorige feeste was hy en sy band , Al en sy Pêlle, nog saam. Die band het intussen opgebreek.

Alastair se musiekloopbaan hetin 1995 begin nadat hy 'n saak teen Iscor beveg het om die Saldanha-staalfabriek te verskuif. Daarna het hy by verskeie venues opgetree.

Sy eerste boek, The Giant Puzzle , verskyn nog voor die KKNK begin.